Teks en illustrasies: Willem de Vink

# Jesus Messias


Die man wat die wêreld verander het





**Jesus Messias** Willem de Vink

# Wat is .....














**Bybel:** In die Bybel kan ons lees hoe God die mens sien en hoe Hy met hulle omgaan.

**Dissipel:** Volgeling van Jesus.

**Engel:** 'n Onsigbare boodskapper van God (bladsy 5).

**Ewige lewe:** 'n Lewe saam met Jesus in die hemel soos God dit bedoel het. 'n Lewe wat die dood oorwin het en wat geen einde het nie.

**Gebed:** Jy praat saggies of hard met God en jy luister as Hy met jou praat.

**Geloof:** Dit is om God te vertrou om te doen wat Hy beloof het.

**God se koninkryk:** God se koninkryk is waar God se kinders saam met Hom is en Hom gehoorsaam.

**Heilige Gees:** Die Heilige Gees word gegee aan God se volgelinge om in hulle harte te woon en hulle te lei.

**Jesus:** Die naam van God se Seun en dit beteken 'God red'.

**Kruis:** Dit is 'n houtkruis ('n instrument van marteling) waarop die Here Jesus uit eie vrye wil gesterf het. Dit het 'n teken geword vir al Jesus se volgelinge (bl. 25, 50).

**Messias:** "Gesalfde Koning'. Messias (die Hebreeuse woord) word in Grieks vertaal as Christus.

**Nagmaal:** Volgelinge van Jesus gedenk Sy dood en opstanding deur brood te eet en wyn te drink (bl. 41).

**Opstanding:** Jesus het opgestaan uit die dood. Eendag sal almal uit die dood opstaan en God sal elke mens oordeel volgens hoe hy geleef het.

**Paasfees:** Die viering van Jesus se opstanding.

**Satan:** Die onsigbare vyand van God en die mens (daar word ook na hom verwys as die duiwel).

**Seëning:** Dit is al die goeie dinge wat God aan die mense wat Sy wil doen, gee.

**Seun van God:** Die naam van Jesus. Hy was God wat in 'n menslike gedaante aarde toe gekom het as die Seun van God.

**Sonde:** Die dinge wat ons doen wat teen die wil van God is en wat God verhinder om Sy doel met ons te bereik.

**Vergifnis:** God vergewe ons, alhoewel niemand dit verdien nie. God vergewe ons sondes as ons regtig jammer is en gewillig is om te verander. Hierdie vergifnis is moontlik omdat Jesus die straf vir ons sondes aan die kruis gedra het.

**Wederkoms:** Wanneer Jesus eendag weer terugkom sal alles nuut gemaak word. Die ou hemel en aarde sal verby gaan en alles sal nuut gemaak word.



## Wie is Jesus die Messias?


Jesus het meer as 2 000 jaar gelede in Israel geleef. Ons noem Hom 'Jesus die Messias' of 'Jesus Christus'. Dit beteken Hy is Koning. Jesus word ook genoem die 'Seun van God' of die 'Seun van die Mens'. Dit beteken Hy behoort aan God en ook aan die mens.
Die geskiedenis van Jesus se lewe word in die Bybel beskryf. Dit is die belangrikste storie van alle tye.

## Die tyd van Jesus

Die tyd waarin ons vandag leef begin met die geboorte van Jesus. Mense het te voet, of met donkies, kamele, of te perd gereis. Die grootste deel van Europa, die Midde-Ooste en Noord-Afrika was onder beheer van die Romeinse Ryk. Die meeste mense kon nie lees of skryf nie, maar die Jode in Israel kon. Hulle is genoem, 'Die mense van die Boek'.

God praat met die mens in die boek, die Bybel. Hy is die skepper van alle dinge en Hy wil vriende met alle mense wees. Jesus wys baie duidelik daarop.






# Israel in die tyd van Jesus

**Hoofstad:** Jerusalem

**Provinsies:** Galilea, Samaria en Judea.

**Grootte:** Ongeveer 28 000 km2 (10 810 vierkante myl).


**Klimaat:** Subtropies.


**Politieke bestel:** Vanaf 63 VC (voor Christus) was die Romeine in beheer van Israel.


**Regering:** Pontius Pilatus, die Romeinse Goewerneur het Israel regeer. Tiberias, die Romeinse Keiser, het oor Pilatus regeer.


**Godsdiens:** Judaïsme. Die Jode het ‘n tempel in Jerusalem gehad. Daar was priesters met verskillende godsdienstige verantwoordelikhede. Daar was leermeesters (soos die Fariseërs) wat die mense uit die Bybel moes leer.


**Tale:** Hebreeus (die taal van die Jode) en Grieks (die internasionale taal van die tyd) en Latyn (die taal van die Romeine).



Hoekom vergader al hierdie mense by die rivier?
Berei julle voor! God wil iets nuuts doen.


Begin 'n nuwe lewe!
Jy kan nie van God wegvlug nie. Die byl van oordeel is alreeds teen die wortels van die bome.
Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie sal afgekap en in die vuur gegooi word.
Luister daarna. Is ons nie goed genoeg nie?
Niemand kan God se oordeel ontsnap nie. Maar daar kom iemand na my wat jou van binne, jou hart, kan verander. Hy sal julle red.
Wil jy graag hê dat jou lewe moet verander? Kom hier na die water toe, bely jou sonde en laat jou doop.
Nou is jy gereinig van jou sonde sodat jy 'n nuwe lewe kan begin.


Almal het die prediker by die rivier "Johannes die Doper" genoem.
Dit gaan nie oor my nie. Ek berei julle voor vir iemand anders. Hy sal ons wys wat God van ons wil hê. Hy sal julle met die vuur van God se Gees doop en dit sal julle heeltemal verander.
En dan ...
Ek ... Ek moet deur jou gedoop word.
Doen dit net. Dan doen ons wat God wil hê.
Vader, dat U koninkryk kom en U wil geskied!
Skielik het 'n stem uit die hemel gepraat ...
Ja! Jy is my geliefde Seun! Jy is 'n man na my hart!



Johannes die Doper berei die mense van Israel voor vir die koms van die Messias. Op hierdie tydstip regeer die Romeine die grootste deel van die wêreld. Israel is net 'n klein deeltjie van die groot Romeinse Ryk.
Kapernaum
Nasaret
Kanaan
GALILEA
Jordaan
Jerusalem
JUDEA
ISRAEL
Die Joodse volk sien uit na die Messias. In hulle geskrifte (boeke) is sy koms deur die profete van vroeër voorspel. Hy sal Israel weer ophef.
By die Jordaanrivier dui Johannes die Doper vir Jesus aan as die offerlam.
Kyk! Hy is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem!
God se Gees lei Jesus weg na die woestyn.
Jesus is alleen in die wildernis vir veertig dae en nagte. Hy eet niks. Hy bid net. Hier berei Hy Hom voor vir sy taak.
Jesus moet God se plan volbring/uitvoer. God wil dat mense verlos word van hulle vrees vir verdoeming en dood ...
In die wildernis kom Jesus teen die satan, die onsigbare regeerder van die duisternis, te staan. Hierdie vyand van God regeer die wêreld met haat, siektes en dood.
Ja, Vader! Ek wil net dit doen wat U wil hê!



Maar die duiwel sit gedagtes in Jesus se kop om sy aandag af te lei van God se plan ...
As Jy die Seun van God is, verander hierdie klippe in brood sodat Jy kan eet.
Nee! Daar is in God se Boek geskrywe: ‘’n Mens kan nie van brood alleen leef nie. Ons leef deur elke woord wat uit die mond van God gaan”.
As jy die Seun van God is, bewys dit! Spring hier van die tempel se dak af. Is dit nie ook geskryf dat die engele Jou sal bewaar nie?
Nee! Daar is ook geskrywe dat jy God nie mag uitdaag nie.
Kyk! Ek sal Jou al die mag op aarde gee as Jy voor my sal neerkniel en my aanbid.
Gaan weg van my af, Satan. Daar is ook geskryf dat ons God alleen moet aanbid en dien.
Daarna laat die satan Jesus vir ‘n rukkie alleen. Engele kom om Jesus te aanbid.
Jesus keer terug na Galilea, waarvandaan Hy gekom het. Hy is vol van die Gees van God. Terwyl Hy op pad is, sluit mense by Hom aan. Hulle is nuuskierig om te weet of Jesus die Messias is ...



In Kanaan in Galilea is daar 'n huweliksfees.
Jesus, sy moeder en paar van sy vriende is ook na die fees genooi ...




Maar, halfpad deur die feesvierings ...
Wat 'n ramp! Die wyn is op!.
Doen net wat Jesus vir julle sê om te doen!
Maak hierdie groot kanne met water vol en neem dit na die seremoniemeester sodat hy dit kan proe.
?
Water? Maar dit is wyn! Die beste wyn!
Proe hier! Jy het die beste wyn vir laaste gebêre!
Wat 'n fees! Wat 'n troue! Water wat in wyn verander! Die beste wyn!
Jesus van Nasaret het dit gedoen!
Wie is hy?


Kapernaum is 'n vooruitstrewende vissersdorpie by die meer van Galilea. Hier begin Jesus in die openbaar praat oor God se planne ...
Hier kies Hy ook sy eerste dissipels ...
Petrus, kom ons seil dieper die meer in en dan laat sak jy die visnette daar.
Meester, ons het die hele nag hard gewerk maar geen visse gevang nie.
Maar as U so sê ...
Wat! Ek kan dit nie glo nie!


Jakobus! Johannes! Kom help! Dis die vangs van 'n leeftyd.
Gaan weg van my, Here! Ek is 'n sondige man!
Moenie bang wees nie, Petrus.
Van nou af sal jy 'n visser van mense wees.
Volg my.


Jesus reis met sy dissipels deur die noorde van Israel. Hy vertel vir almal dat God se koninkryk gaan kom. Sy woorde is kragtig en vol genade. Hy maak siek mense gesond en reinig hulle van demoniese magte. Baie mense besluit om Hom te volg. Hulle kom selfs van ander provinsies en van Jerusalem, die hoofstad van Israel ...
Geseënd is jy as jy God nodig het. Jy sal in sy nuwe wêreldryk woon.
Geseënd is jy as jy na God se goedheid verlang. Jy sal baie daarvan kry.
Geseënd is jy as jy ongelukkig is. Jy sal vrede vind.
Geseënd is jy as jy aan ander goed doen. God sal aan jou goed doen. En as jy vrede maak, sal jy 'n kind van God genoem word.


Doen aan ander soos wat jy wil hê ander aan jou moet doen.
Wees lief vir jou vyande en bid vir hulle.
Doen goed in die geheim en nie om deur ander gesien te word nie.
Wie na 'n vrou kyk en begeer om haar te hê, het reeds met haar ontug (owerspel) in sy hart gepleeg.
Die oog is die lig van die liggaam. As jou oog reg is sal jou hele liggaam verlig wees. Maar as jou oog troebel is, sal jy in duisternis leef.
Niemand kan twee Here dien nie. Dit is óf God óf rykdom.
Moenie oor môre bekommerd wees nie. Soek eerste die Koninkryk van God en al die ander dinge sal vir julle bygevoeg word.
Doen soos ek sê, dan sal jy wees soos die man wat sy huis op die rots gebou het. As jy dit nie doen nie, dan bou jy op dryfsand.


Eendag drom die mense by Jesus se huis in Kapernaum, saam.
Ons sal nooit inkom nie.
Dan sal ons deur die dak moet inkom: matras en al.
Wat gebeur hier?
Los hulle! Daardie vriende het baie geloof.
Jou sondes is vergewe!
Hoor julle dit! Hoe durf Hy sulke dinge sê?
Hy spot met God!
Net God kan sondes vergewe.
Wat is makliker om te sê: “Jou sondes is vergewe”, of: “Staan op en loop”?
Die Messias het die outoriteit (mag) om sondes te vergewe. Maar ek sê ook: “Neem jou bed op en loop”!





Jesus doen baie goeie dinge. Hy praat met wysheid en outoriteit. Hy straal niks anders as genade en liefde uit nie. Ongelukkig is nie almal gelukkig met Hom nie. Die leiers verkies om liewers die wet te gehoorsaam. Hulle hou Jesus die hele tyd dop om te sien of Hy by die reëls hou. Soos byvoorbeeld, die wette oor die Sabbat. Op die eerste dag van die week mag niemand enige werk doen nie.


















Spanning ontstaan tussen Jesus en die Joodse leiers. Jesus sonder Hom af en vaar saam met sy dissipels op die meer. Maar ...
Meester! Help! Ons is besig om te vergaan!
Hoekom is julle bang? Waar is julle geloof?



Stil! Storm, wees stil!
Hulle maak hulle boot aan die ander kant van die meer, vas. 'n Rou kreet kom van die berg se kant af ...
RAAAAH!





'n Eensame man bly hier. Die duiwels het van hom besit geneem ...
Hy kom!
Hy! Oeh!
Wel, wel Jesus!
Wat het ons met Jou te doen, Seun van die allerhoogste God?
Julle pynigende geeste, verlaat die man!
Wat is jou naam?
Legio, want ons is baie.
Stuur ons asseblief in daardie varke daar oorkant in.
Gaan!


?
Ek is heeltemal gesond!!
Gaan weg! Los ons alleen!
Kan ek saam met U kom?
Nee, bly hier. Vertel vir die mense wat God vir jou gedoen het.



Julle moet weet dat ek net dit doen wat die Vader vir my sê om te doen. Hy het my gestuur.
Jesus gaan gereeld na stil plekke om te bid ...
Na ‘n nag van gebed kies Jesus sy twaalf dissipels. Hy stuur hulle twee-twee uit. Hy gee ook vir hulle die outoriteit oor demoniese geeste en siektes ...
Sy dissipels is Petrus en Andreas ...
Die broers Jakobus en Johannes ...
Philippus en Nathaniel ...



Thomas en Mattheus (wat voorheen belasting opgeneem het vir die Romeinse leiers) ...
Thadéus (ook genoem Judas) en die ander Jakobus ...
Simon die vegter en Judas Iskariot ...
Gaan! Wie julle ontvang, ontvang My, en wie My ontvang, ontvang die een wat My gestuur het.
Die twaalf dissipels keer baie opgewonde terug van hulle missie (reis). Hulle het alles gedoen wat Jesus hulle beveel het. Hierna wil Jesus 'n tyd van stilte hê, maar die skare wil Hom nie alleen laat nie ...
Kyk! Die oes is groot, maar die werkers is min. Bid dat die Here werkers sal uitstuur om die oes in te samel.



Jesus gaan voort om te preek en te genees. Intussen word dit laat...
Phillipus, hoe gaan ons al hierdie mense kos gee? Hoekom gee julle nie vir hulle iets om te eet nie?
Ons het net 200 geldstukke. Dit is nie naasteby genoeg om vir almal kos te koop nie!
Hier is 'n seuntjie met vyf brode en twee vissies. Dit is al wat daar is.
Laat die mense in groepe van vyftig mense elk sit.
Jesus dank God ...
Hy breek die brood en die twee vissies ...



Jesus vermeerder die brood en die vissies en duisende mense eet genoeg...
Hy is waarlik die Messias wat aan ons belowe is!
Ons moet Hom 'n koning maak!
Kyk! Hier is twaalf mandjies vol kos oor nadat almal geëet het!
Dit is tyd om die mense huis toe te stuur. Neem die boot en roei oor na die anderkant. Ek gaan hier in die berge agterbly om te bid.


Daardie aand ...
Moenie bang wees nie. Dit is Ek!
Aaaaah!!! Dis 'n spook!!
Here, as dit U is, beveel my om op die water na U toe te kom!
Kom!
Here, red my!
Petrus, hoekom het jy getwyfel?



Sommige wil Jesus koning maak. Hulle hoop dat Hy dan die Romeinse oorheersers uit hulle land sal dryf. Jesus se teenstanders is aan die vermeerder. Selfs al help Hy mense, dink die godsdienstige leiers dat Hy die wet oortree. Hulle wil die mense teen Hom opmaak omdat hulle van Hom ontslae wil raak.
Meester, wanneer het U hier aangekom?
Soek julle my omdat Ek vir julle brood gegee het?
Moenie besorg wees oor die brood wat opraak nie, maar wees besorg oor die brood wat die ewige lewe gee.
Ek is die brood wat die ewige lewe gee. Dit is my liggaam wat gegee is vir die lewe van die wêreld.
Hoe kan hierdie man ons sy liggaam gee om te eet?
Nonsens!!
Gaan weg!
Hy mislei net almal.
Wil julle nie ook gaan nie?
Here, waarheen sal ons gaan. U het die woorde van die ewige lewe!



Jesus is bedreig. Sommige mense wil Hom stenig. Hy verlaat Galilea. Saam met 'n groep volgelinge, mans en vroue, gaan Hy voort met sy werk in ander dele van Israel ...
GALILEA
Jerusalem
ISRAEL
Later vertrek Hy na Jerusalem...
Hoe sê die mense, wie is Ek?
Hulle dink U is 'n profeet.
Terwyl Hy op pad is ...
En julle?
Hoe sê julle, wie is ek?
U is die Messias, die Seun van die Lewende God.
Moet vir niemand sê nie. Die Messias moet na Jerusalem gaan om te ly en te sterf. Maar op die derde dag sal Hy weer opstaan uit die graf.



Langs die pad is mense doodgemaak. Hulle is gekruisig –‘ n baie wrede doodstraf...
Die wat aan my wil behoort, moet sy kruis dra en my volg.
Wie sy lewe wil behou, sal dit verloor. Maar wie sy lewe om my ontwil opgee, sal die lewe vind.
Julle moet weet dat daar net een God is.
Die belangrikste ding is, dat julle God moet liefhê met alles wat in julle is, en ander soos julleself.




In Israel, volgens die wet, is mense met ‘n sekere velsiekte onrein. Hulle moet eenkant woon en mag aan niemand anders raak nie ...
As iemand na hulle aankom, moet hulle die mense waarsku ...
Onrein! Onrein!
Meester! Meester! Wees ons genadig.


Gaan en vertoon julleself aan die priesters.
Gaan na die priesters om ondersoek te word.
Sal ons dan genees wees?
?
!
Ja! Volkome!
Ons is gesond!
Kom!
Halleluja! God is groot! Baie dankie!
Was daar nie tien van julle genees nie? Hoekom kom die ander nie ook hierheen om God te dank nie?
Staan op! Jou geloof het jou nie net gesond gemaak nie, maar ook gered.


Die Godsdienstig leiers in Jerusalem stuur mense om te luister na alles wat Jesus sê. Dit kan nie wees dat Hy net goed is nie. Hulle wil Hom uitvang op iets wat Hy verkeerd doen...
Jesus gaan met mense om wat ‘n slegte reputasie het. Mense soos die prostitute en die belastinggaarders wat vir die Romeine werk ...
Die Messias het gekom om die mense te red wat verlore is.
Jesus maak siekes op die Sabbat gesond terwyl niemand op die Sabbat mag werk nie.
Word gesond!
Hy het veral baie aandag aan die kinders gegee...
Laat die kindertjies na my toe kom. Die Koninkryk van God behoort aan mense soos hulle.


Jesus is na Betanië, 'n dorpie naby Jerusalem, geroep. Lasarus is siek. Martha en Maria is vriendinne van Jesus. Toe Jesus in die dorpie aankom, hoor Hy dat Lasarus vier dae gelede begrawe is...
Meester!
As U hier was sou my broer nie gesterf het nie!
Jou broer sal weer opstaan, Martha.
Ja, ek weet hy sal weer opstaan met die opstanding op die laaste dag.
Ek is die opstanding en die lewe. Wie in my glo sal lewe. Glo jy dit, Martha.
Ja Here! Ek glo dat U die beloofde Messias is. Die Seun van God.
Waar het julle hom begrawe?
Kom kyk, Here!


Kyk hoe lief het Hy vir Lasarus gehad.
Maar, kon Hy nie sy dood verhoed het nie!
Die dooies is in linne doeke toegedraai en in 'n klipgraf begrawe ...
Neem die steen weg!
Here, hy sal stink. Dis al vier dae ...
Julle sal God se glorie vandag aanskou.
Vader, Ek doen dit sodat mense sal weet wie Ek is.
Lazarus, kom uit!
Maak hom los en laat hom gaan.















Een man moet sterf vir alle mense. Die godsdienstige leiers soek vir 'n geleentheid om Jesus gevange te neem. Jesus is op pad na Jerusalem. Dit is 'n uitstekende geleentheid. Hulle wil hê dat die Romeinse owerhede Jesus ter dood veroordeel...


Intussen is daar 'n fees in Betanië...
Maria!
Wat 'n vermorsing! Daardie parfuum is 'n fortuin werd!
Ons kon dit verkoop en die geld vir die armes gegee het.
Los haar uit, Judas. Sy spaar die salf vir my begrafnis.



Die Paasfees is besig om nader te kom. Skare mense reis na Jerusalem. Hulle wil hulle offers aan God na die tempel bring...



Jesus ry Jerusalem binne, ten spyte van dreigemente...



Mense loof Jesus...
Hoera!
Hosanna!
Lank lewe die man wat in die naam van God kom!
Die Koning van Israel!
Jerusalem, as julle maar net geweet het hoe om vrede te ontvang, maar julle wou nie weet nie.
Hy moet dit stop!
Die hele wêreld volg Hom.


Die tempel in die hoofstad is die middelpunt van die Joodse godsdiens...
Gedurende die paasfees word lammers geslag...
Die lammers is dan in die tempel geoffer sodat mense van hulle sondes verlos kan word...
Maar watter offerlam kan mense verlos van hulle skuld, skande en vrees vir die eindoordeel?
In die binnehof van die tempel is mense besig om handel te dryf en geld te wissel...
Skielik is Jesus daar...


God se huis moet 'n huis van gebed wees. Maar julle maak dit 'n rowerspelonk.
Hy is gevaarlik! Maar die mense neem elke woord in wat Hy sê.
Ons moet 'n goeie verskoning kry om van Hom ontslae te raak.


Ons moet 'n strik vir Hom stel. Dan kan ons Hom laat doodmaak.
Maar nie gedurende die Paasfees nie.
Hoeveel sal julle my vir Hom betaal?
Dis Judas, een van sy dissipels.
Ek sal Jesus aan julle oorhandig.
Ons sal jou dertig silwer muntstukke gee.



In die dae voor die Paasfees praat Jesus met die mense in die tempel. Hy voorspel dat Jerusalem verwoes sal word. Almal sal moet vlug. Maar Jesus sal voortgaan om die mense lief te hê. Hy beveel Petrus en Johannes om die Paasmaaltyd voor te berei.
Die aand ontmoet Jesus en sy twaalf dissipels in die stad...
Ek sal dit vanaand doen.






Ek het daarna uitgesien om voordat my lyding kom, die Paasmaaltyd saam met julle te eet.


Mense in gesagsposisies verwag dat mense hulle moet bedien, maar ek gaan dit anders doen met julle.


Die grootste dienskneg onder julle sal julle leier wees.


Ek is hier tussen julle as 'n bediende.



Here, gaan U my voete soos 'n slaaf was? Nee! Nooit nie!
As ek jou nie kan was nie, Petrus, dan behoort jy nie aan my nie.
Here, was dan ook my kop en my hande!
Iemand wat 'n bad gehad het, het net nodig om sy voete te was.
Julle noem my Heer en Meester wat reg is. Soos Ek julle voete gewas het, so moet julle ook mekaar op die dieselfde manier bedien.
Een van julle gaan My verraai.
Dis nie ek nie, is dit?
Nooit.
Judas, wat jy moet doen, doen dit vinnig.



Eet die Paasmaal/Nagmaal dikwels om My te onthou.
Eet hierdie brood, dit is my liggaam.
Drink die wyn, dit is my bloed wat vir julle uitgestort is om julle sondes te vergewe. God maak 'n nuwe verbond met julle.
Ek gee julle 'n nuwe opdrag. Wees lief vir mekaar soos Ek vir julle lief was.
As my liefde in julle woon sal almal weet dat julle my dissipels is.
Here, ek sal U orals dien. Ek sal my lewe vir U gee.
Petrus, teen die tyd dat die haan vanaand kraai, sal jy my drie keer verloën het.


Later daardie aand verlaat Jesus en sy dissipels die stad. Judas is nie met hulle nie ...
Ek gaan julle verlaat maar die Vader sal die Heilige Gees na julle toe stuur om julle te help. Hy sal altyd by julle wees.
Julle ken die pad na die plek waarheen ek gaan.
Ek is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur my nie.
Bly julle hier. Ek gaan 'n entjie verder om te bid.
My Vader, as dit moontlik is, neem hierdie komende lyding van my weg.
Maar, nie my wil nie, U wil moet geskied.



Hoe kan julle nou slaap? Kyk my verraaier is naby.
Gryp die een wat ek soen.
Hallo, Meester!
Judas, verraai jy die Messias met 'n soen?
Here, sal ons baklei?
Stop!
Jesus laat toe dat hulle Hom gryp terwyl sy volgelinge weghardloop.



Jesus is na die Hoë Priester (die hoof van die Joodse leiers) geneem. Petrus en Johannes volg op 'n afstand...
Petrus sluip in die binnehof in...
Was jy nie ook saam met hulle nie?
Nee! Ek ken die man glad nie.
Jy is ook een van hulle, is jy nie?
Natuurlik nie!
Ek is seker jy was daar! Jy is 'n Galasiër!
Ek weet nie waarvan jy praat nie.



Koek-a-loe-koe
Jesus probeer Petrus se oog vang...
Kom nou. Profeteer vir ons! Wie het jou geslaan?
Die volgende oggend neem hulle Jesus na die Joodse leiers. Die Hoë Priester ondervra vir Jesus...
Is jy die Seun van God?
U sê dit.
Godslastering. Hy verdien om te sterf. Laat die Romeine Hom verhoor!



Hulle neem Jesus na Pilatus, die Romeinse Goewerneur. Die Joodse leiers stook die mense, wat alles aanskou, op. Hulle skree allerhande beskuldigings...
Wat sê jy van al hierdie beskuldigings? Niks?
Wat het jy gedoen?
Ek het gekom om van die waarheid te getuig.
Wat is die waarheid?
Ek vind geen fout in hierdie man nie. Dit is Paasfees. Wie sal ek vir julle vrylaat. Barabbas of die Koning van die Jode?


Barabbas!
Laat Barabbas vry!
Wat moet ek dan met hierdie Jesus doen?
Kruisig Hom!
Hy doen Hom voor as 'n koning!
As jy Hom vrylaat is jy nie 'n vriend van Ceasar nie.
Barabbas, jy kan vry weggaan in plaas van Hom.
Barabbas, wat van moord aangekla is, is vrygelaat in ruil vir die Here Jesus. Jesus is geslaan.
... 37, 38, 39!
Ek is onskuldig aan sy bloed.
Gegroet, koning van die Jode!


Kyk! Die man!
Kruisig Hom!
Weg met Hom!
Kruisig Hom!
Pilatus onderteken Jesus se vonnis. Jesus moet die kruishout deur die strate van Jerusalem dra...
Die plek van kruisiging is buite die mure van Jerusalem. Dit is die heuwel, Golgota en dit beteken plek van die hoofskedel...
Hier spyker die soldate vir Jesus aan die kruis vas...



Intussen is Judas spyt oor wat hy gedoen het...
Ek het verkeerd gedoen.
Ek het onskuldige bloed verraai.
Wat het dit met ons te doen? Los jy jou probleem self op!
Jesus is tussen twee kriminele gekruisig...
Vader, vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.



'n Plakkaat in drie tale is aan die kruis bokant sy hoof gehang. Dit sê: "Jesus, Koning van die Jode"...
IESVS NAZARENVS REX IVDAEORVM
Jesus weier om die pyndodende middel te drink...
Die soldate verdeel Jesus se klere deur daarvoor te dobbel...
Ja, het Hy nie ander mense gered nie?
As jy God se Seun is, kom dan van die kruis af!
Red jouself en ons!
Bewys respek aan God. Ons kry wat ons verdien het, maar hierdie man het niks verkeerd gedoen nie.
Onthou my as U vandag U koninkryk binnegaan!
Ek verseker jou, jy sal vandag saam met my in die paradys wees.



Teen die middag is daar vir drie ure totale duisternis...
Maria, die moeder van Jesus en Johannes kyk toe...
Nou is julle moeder en seun.
My God, my God, waarom het U my verlaat?
Ek het ... dors.
Vader, in U hande gee ek my Gees oor.
Dit is ... klaar / volbring.



Jesus is drie-uur die middag oorlede. Die soldate steek 'n spies in Jesus se sy. Water en bloed vloei uit die wond. Sy hart is gebreek...
In die Boeke sê dit: "Hy was gelei soos 'n lam na sy slagting".
"Hy was mishandel ter wille van ons foute, gedood oor ons sonde".
Was Hy die Messias wat sou kom of nie?
Kom, ons vra of ons Hom kan begrawe.
Josef van Arimathea en Nikodemus haal die liggaam van Jesus van die kruis af. Hulle draai hom in linnedoeke toe en lê Hom in die rotsgraf neer...


Na drie dae van rus wat deur die Paasfees vereis word, gaan sommige van die vroue na die graf...
Die steen is weggerol!
Hoekom soek julle die lewende tussen die dooies? Hy het opgestaan. Gaan en vertel dit aan Sy dissipels.
Toe hulle dit hoor, hardloop Petrus en Johannes na die graf...
Wat het gebeur?
Dit heeltemal leeg.



Buite in die tuin...
Vroue, hoekom huil julle? Wie soek julle?
Tuinier, het jy Hom weggeneem?
Maria!
Meester!
Moenie aan my raak nie. Sê aan my broers dat Ek teruggaan na my Vader toe. Hy is ook julle Vader. Terug na my God en julle God toe.


Daardie selfde dag is twee van Jesus se teleurgestelde volgelinge besig om die kruisiging met 'n verbyganger te bespreek ...
Glo julle dan nie die profete nie? Moes die Messias nie ly voordat Hy Sy glorie kon binnegaan nie? Dit was reeds in die Boeke opgeskryf. Alles word daar van Hom vertel.
Terwyl hulle die brood omstuur, verdwyn hulle gas skielik...
Maar dit was Jesus self!
Hulle verlaat onmiddellik die plek om hulle vriende in Jerusalem te gaan soek...
Ons het die Here Jesus gesien!
Maria en Petrus het ook!
Skielik gebeur iets...
Vrede wens Ek julle toe!
Glo julle nie dat dit Ek is nie? Kyk na my hande en my voete!
My Here en my God!


Jesus verskyn aan sy volgelinge oor 'n tydperk van veertig dae. Hy ontmoet selfs vyfhonderd mense gelyk. Sy dissipels keer terug na Galilea. Eendag terwyl hulle besig was om vis te vang...
Haai julle! Het julle enigiets om te eet?
Nee, ons het niks gevang nie.
Gooi julle nette aan die anderkant van die boot uit!
Goeiste! Wat 'n vangs!
Dis die Here Jesus!
Meester!
Kom en eet saam met my!


Petrus, het jy my lief?
Jesus vra hierdie vraag drie keer aan Petrus...
Ja Here, U weet dat ek U liefhet.
Sorg vir my skape.
Volg my!
Alle mag in die hemel en op die aarde is aan my gegee. Gaan die hele wêreld in en maak dissipels van alle nasies. Doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Leer hulle om alles te doen wat Ek julle geleer het.
Maar onthou, Ek is altyd by julle, elke liewe dag, tot die koms van die nuwe wêreld.
Nadat Hy hierdie woorde gespreek het verlaat Hy hierdie aarde. Hy word in die hemel opgeneem. Maar Hy beloof dat Hy weer sal terugkom...


Jesus se volgelinge bly agter om te bid. Na vyftig dae, Pinksterdag, is die Heilige Gees oor hulle uitgestort. Dieselfde Gees wat in Jesus was, leef nou ook in hulle en in die wat Hom wil glo. Sy volgelinge is sy kragtige getuies. Meer en meer mense hoor van Jesus...
Luister mense! Die dood kon Hom nie vashou nie. God het Hom weer opgewek. Jesus is die eerste persoon wat opgeneem is na God se glorie in die hemel. En daardie glorie is ook vir ons beskikbaar!
Ten spyte van vervolging, gaan Jesus se volgelinge die hele wêreld in...
Jesus is die Seun van God. Ons kan ook God se kinders word!
Die boodskap is ook deur briewe oorgedra...
Ek is nie skaam vir die Goeie Nuus nie. Dit is God se krag wat mense red. Dit was reeds in die Boeke opgeskryf: “As jy dit glo is jy goed in God se oë. Dan sal jy lewe”.
Meer en meer mense vanoor die hele wêreld kom nou saam om te bid en die Bybel te bestudeer. Hulle lewe in God se genade. Hulle ondervind sy guns. Hulle het mekaar lief en help ander in nood. Hulle het selfs hulle vyande lief. Hulle vier nagmaal (breek brood en drink wyn) om die vergifnis van hulle sonde te herdenk. Hulle het ‘n nuwe kragtige lewe vol van die Heilige Gees gevind.



Jesus het dit vir mense moontlik gemaak om in vrede met mekaar te leef...
Wees dankbaar vir sy liefde! Neem dit van Hom aan! Dien Hom!
God het sy Seun na die wêreld gestuur, nie om ons te oordeel nie, maar om ons te red. God het ons so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gestuur het sodat almal wat in Hom glo nie verlore moet gaan nie maar die ewige lewe kan beërwe!
WILLEM DE VINK

## Die Bybel

Die verhaal van Jesus is in die Bybel opgeteken. Tot dusver is geen ander boek, soos die Bybel, soveel keer oor en oor gelees nie. Dit is ‘n boek wat in baie boeke verdeel is en dit het 11 mense 1 500 jaar geneem om al die boeke te skrywe. Die Bybel was ongeveer 1 900 jaar gelede voltooi. Dit bevat ‘n verskeidenheid stories wat verduidelik hoe God betrokke is in die lewens van mense. Die storie van Jesus wys duidelik wie Jesus is.

## Die geskiedenis van Jesus

Die Bybel bevat 4 boeke wat Jesus se lewe beskryf. Die boeke word vernoem na die skrywers wat almal gedurende die tyd van Jesus geleef het.



**1. Mattheus** – ‘n dissipel van Jesus. Hy het as ‘n belastinggaarder gewerk. Hy beskryf hoofsaaklik hoe Jesus met die mense van Israel (die Jode) gehandel het.

**2. Markus** – hy was nog ‘n tienderjarige toe Jesus sy werk gedoen het. Hy skryf baie oor die wonderwerke wat Jesus gedoen het.

**3. Lukas** – hy was ‘n mediese dokter. Hy het Jesus nie persoonlik geken nie maar beskryf hoe Jesus met die mense gehandel het. Lukas het Jesus se moeder geken en inligting oor Jesus by haar gekry.

**4. Johannes** – hy was ‘n volgeling van Jesus. Hy beskryf duidelik wie Jesus is. Jesus is God wat mens geword het om mense van hulle sondes te verlos.


## Jesus se geboorte

Maria, Jesus se moeder, was nog nie getroud toe sy swanger geword het nie. Sy was 'n maagd tot na Jesus se geboorte. Maar God het dit so gereël dat Jesus gebore moes word. Hierdie wonderwerk is aangekondig en beskryf lank voor Jesus se geboorte. Jesus was nie gebore as 'n held of iemand spesiaal nie. Daar was vir Hom geen plek in die herberg nie en Hy is in 'n stal gebore.


## Jesus se wonderwerke

Jesus het baie wonderwerke gedoen. Die Bybel beskryf meer as 40 genesings. Deur middel van hierdie wonderwerke openbaar Jesus die krag en liefde van God en dat Hy mense wil help en gelukkig wil maak.





## Jesus se dood en opstanding



***Hoekom het Jesus gesterf? Die verduideliking word in die Bybel uiteengesit. Hy het ons sondes op Hom geneem sodat ons gered kan word***

Alle mense doen soms verkeerde dinge. Die dinge waarmee God nie tevrede is nie maak Hom kwaad en hartseer. Hierdie dinge word sonde genoem. Dit is die dinge wat mense verhinder om vriende van God te wees.
Dit is hoekom Jesus gekom het. Uit sy eie vrye wil het Hy die straf vir ons sondes op Hom geneem. Die straf vir sonde was die dood. Aangesien Jesus vir ons sonde gesterf het kan ons weer vriende van God word. Maar ons moet jammer wees oor ons sonde (dit wat ons verkeerd gedoen het).
Jesus het uit die dode opgestaan. God het Hom weer lewendig maak. Hierdeur het God bewys dat Hy sterker as die dood is.
Jesus lewe nou saam met God en omdat Hy leef kan Hy altyd ons vriend wees. Hy wil ons help om so te leef dat ons lewens vir God vreugde bring.

### GEBED

*As jy jammer is oor die verkeerde dinge wat jy gedoen het en jy 'n vriend van God wil wees, kan jy 'n gebed soos die volgende, bid.*
*"Liewe Vader (God), Jy het my lief.*
*Jy het Jesus, Jou enigste Seun, gegee.*
*Hy het aan die kruis gesterf vir alles wat ek verkeerd gedoen het.*
*Vergewe my asseblief vir wat ek verkeerd gedoen het. Ek is jammer.*
*Dankie dat Jesus aan my kant is.*
*Ek wil altyd aan U behoort.*
*Help my asseblief om te lewe soos U wil hê ek moet leef.*
*Bly asseblief naby my.*
*Dankie dat U my gebede verhoor.*
*Dankie dat U doen wat U beloof het om te doen."*

# JESUS EN JY

Die storie van Jesus het 'n oop einde. Jesus het in die verlede en nou, met baie mense vriende geword. Die wêreld het verander. Baie mense ry nie meer op donkies en perde nie, maar ry nou met motors en vliegtuie. Maar dit maak geen verskil aan Jesus nie. Hy is nog steeds so naby aan ons soos in die tyd toe Hy in Israel geleef het. Al is Hy onsigbaar, is Hy 'n werklikheid. Hy wil vandag vir jou 'n vriend wees. Jy kan ook na Hom luister en Hom liefhê.

Wil jy meer van Jesus en 'n lewe saam met Hom weet? Doen dan die volgende.

**1. Begin deur self die Bybel te lees.**
(begin deur die gedeelte wat deur Lukas geskryf is, te lees).

**2. Begin bid**
(praat met God en luister na Hom – jy het nie spesiale woorde nodig om dit te doen nie).

**3. Praat met ander mense oor Jesus en die Bybel.** Jesus wil hê dat sy volgelinge mekaar moet ontmoet, saam aanbid en mekaar bemoedig terwyl hulle meer van Hom leer.

*Publiseerder:*
*Swazi Vision*
*Posbus 218*
*Nsoko (Swaziland)*
*Epos: info@swazivision.org*
*Webwerf: www.swazivision.org*
*Jy kan ook hierdie uitgawe in Afrikaans, Engels, isiZulu, Siswati, Sesotho en Portugees bestel.*
*Vir meer Evangeliese literatuur in die Kaap die Goeie Hoop*
*Epos: info@L4A.online*
*Webwerf: www.FrontlineMissionSA.org*
*Teks en illustrasies: Willem de Vink.*
*Kopiereg © 1993 Stichting Wereldtaal, Houten, Nederland.*
*Gepubliseer in nederlands as "Jezus Messias".*
*Uitgawe in Afrikaans (Suid Afrika)© 2023*
*Digitale kopie in terme van Creative Commons BY- SA lisensie*
*Alle regte vir vertaling, reproduksie en aanpassing gereserveer vir alle lande.*
*Epos: jmpbk.app@gmail.com*

*JESUS MESSIAS. Dit is die ware verhaal van Jesus die Messias. Hy het meer as 2 000 jaar gelede in Israel geleef. Almal was verstom. Niemand het nog ooit gedoen wat Hy gedoen het nie. Niemand het nog ooit die goed gesê wat Hy gesê het nie. Waar Jesus was het daar wonderwerke gebeur. Hy het vreugde en geluk gebring vir almal wat belanggestel het om na Hom te luister. Dog, skielik het dit tot 'n einde gekom. Sy vyande het Hom ter dood veroordeel. Maar dit was nie die einde nie. Gaan lees self hoe dit gebeur het en sien hoe die storie van Jesus Messias nog steeds voortgaan.*



*Taal: Afrikaans (South-Africa)*
*ISBN: 978-94-93321-49-6*